PROF. DR. H. DE VOS. *Het Christelijk Geloof.* G. F. Callenbach, N.V. Uitgever, Nijkerk, 1948, 262 bls. Prys f 8.90.

Daar het in die laaste jare in Nederland veel belangstelling gekom vir die dogmatiek. Hierdie boek van prof. de Vos is een van die mees resente bewyse hiervoor. Die skrywer is hoogleraar in Groningen waar hy professor Van Oyen opgevolg het. Hy begin met sewe bladsye „verantwoording" te gee. So 'n verantwoording was nodig, omdat die skrywer in die laaste jare tot gewysigde insigte gekom het. Vroeër is reeds van sy hand verskyn „De hoofdzaken van ons geloof" waarvan die tweede druk begin 1947 uitverkoop was. Hy het die beskouings wat daarin neergelê is, vir 'n groot deel laat vaar, en nou gee hy in die „verantwoording" van sy „Het Christelijk Geloof" rekenskap van hierdie verandering. Die vrysinnigheid het vroeër die indruk gemaak van 'n geestelike rykdom, maar op die duur het tog geblyk dat hierdie rykdom 'n armoede was, en reaksies het dan ook nie uitgebly nie. Hierdie reaksies het omstreeks 1900 ontstaan en het die naam gekry van malcontentisme en regsvrysinnigheid. In die grond van die saak was hierdie reaksies niks anders nie as 'n nuwe aanvaarding van allerhandze christelike waarhede wat vroeër losgelaat is, terwyl elemente wat aan die Christendom vreemd was, uitgestoot is.

Naas hierdie vrysinnigheid het die ortodoksie wel die christelike waarhede bewaar, maar het dit dikwels te letterlik gedoen. Dit het te weinig uit die geloof geleef. Die ortodoksie was dus wel ortodoks in sover as wat dit die regte geloof bewaar het, maar het meermale verstar. Daarom wil de Vos 'n onderskeid maak tussen ortodoksie in die sin van die regte leer, en 'n ortodoksie in die sin van ortodokse mense en

groepe. Hyself het ook die verandering deurgemaak van 'n regsvrysinnigheid na 'n lewende ortodoksie. En nou het hy hierdie boek geskryf wat hy self 'n eenvoudige en beknopte boek noem waarin vir die leek die christelike geloof in hooftrekke uiteengesit word. Hy het alle geleerdheid vermy, het so goed as geen skrywer aangehaal nie en noem geen literatuur nie. Dit maak die boek tot op seker hoogte so aantreklik en so bruikbaar: dit is meer as vir leke, want dit is baie geskik vir 'n student wat met dogmatiek begin om dit te lees en te bestudeer voordat swaardere en uitvoeriger werke ter hande geneem word.

Die skrywer volg die trinitariese indeling, wat vir ons die allerbeste indeling van die dogmatiek lyk. Hy het grotendeels daarin geslaag om 'n heldere oorsig te gee, en as 'n student dit deur gelees het, behoort hy te weet watter vrae hy op dogmaties gebied teenkom, en sal dan met meer vrug 'n grotere dogmatiek kan bestudeer. Dit spreek vanself dat mens dit nie altyd in alles met die skrywer eens kan wees nie. Ook is hy meermale te beknop, en met name noem ons wat hy oor die doop skryf. Sinds Barth die kinderdoop disputabel gestel het, ja feitlik verwerp het, is Barth in hierdie opsig 'n gevaar vir die kerk, want hy werk die wederdopery in die hand, en die Hervormde Kerk in Nederland het dit selfs al nodig geag om daarteen 'n uitspraak te doen. De Vos handhaaf die leer van die kinderdoop, maar dit is jammer dat hy hier nie uitvoeriger is nie. Of ag hy Barth in hierdie opsig geen gevaar meer nie? Want dit is 'n feit dat Barth deur die verwerping van die kinderdoop baie aan invloed verloor het.

Die swakste deel van hierdie „Christelijk Geloof" is die eskatologiese deel wat oor die toekomsverwagting van die gemeente van die Heer handel.

As slotsom: as leesboek oor die „Christelijk Geloof" beveel ons hierdie werk aan, ook aan studente wat met die studie van die dogmatiek begin. Mag die skrywer veel seën deur hierdie geskrif ontvang.

S. P. ENGELBRECHT.